

PINKSTER MAANDAG 14 MEI 2018

DIE AFGOD VAN TEGNOLOGIE

GEBED

VIDEO CLIP – You shall have no Gods idols before me

Wie van julle het vanaand julle selfone hier?

Kom ons neem gou 'n paar selfies!

Oral waar ons kom... gebeur hierdie goed!

Mense neem selfies!

Hulle sê dis baie gevaarliker om 'n selfie te neem, as om in die see te swem.

Jou kans om te sterf deur die neem van 'n selfie is groter as om deur 'n haai aangeval te word.

Mense gaan absoluut mal om hulself op hierdie toestel vas te vang en dan hulle ervaring met die res van hulle vriende op facebook, twitter, Instagram, skype en wat nog alles te deel... **vra die kinders hulle sal vir jou kan sê...**

SKRIFLESING

Genesis 3:20-24

1 Sameul 7:2-6

Esegiël 14:1-6 (Lees ook vers 5 vanuit die NIV)

Romeine 13:14(Afrikaans 53)

Navorsers het die afgelope jare waargeneem dat jong mense **groot hoeveelhede van hul tyd** spandeer aan elektroniese media, iets wat tot 'n mate ongekend was in vorige geslagte.

Sommige beramings stel jong mense se daaglikse gebruik van elektroniese media op 7-8 ure.

Een opname het bevind dat 38% van studente nie tien minute kon wag sonder om een of ander soort elektroniese toestel aan te skakel nie.

Dit het die radio 38 jaar gevat om 50 miljoen luisteraars te hê.

Die TV het 13 jaar geneem om daardie kykerstal bereik.

Die Internet 4 jaar !

En Facebook ?

In minder as 'n jaar 200 miljoen gebruikers !

Die sosiale media (rekenaars, selfone, ipod's, ipad's, ens.) is met ons,
of ons daarvan hou of nie.

Die sosiale media rewolusie word beskou as die grootste rewolusie sedert die
Industriële Rewolusie.

Klink die volgende alledaagse vrae en trant dalk bekend:

- Wat het ons 'n klompie jare gelede sonder die tegnologie van vandag
gedoen?
- Wat het ons sonder selfone gedoen? (Ek vra soms die vraag wanneer weg is
met vakansie...)
- Hoe het ons sonder die moderne tegnologie klaargekom?
- Waar is die dae waar ons ongehinderd ons gang kon gaan om nie deur 'n
ongekende stortvloed van e-pos kommunikasie gesteur te word nie?
- Waar is die dae waar ons van aangesig tot aangesig kon gesels en vir
mekaar kon tyd kry? (Het jy dit gesien in die video clip waarna ons gekyk
het? Die twee broers?)
- Sou iemand ooit in die verlede dit gewaag het om in jou gesig dit te sê wat
hulle deesdae oor 'n e-pos of whatsapp vir jou sê?

En tog moet ek erken...

Ek is so bly ek leef in die tyd waarin ek leef.

Ek dink dis 'n wonderlike era.

In my leeftyd is die wonderlikste goed ontdek:

- TV (Eerste uitsending in SA – **5 Januarie 1976**),
 - **Video Clip** van eerste uitsending
- **Persoonlike rekenaars** (1981 deur IBM vervaardig),
- maar vanaf 1994 tot nou het die golf van tegnologie ons getref
 - **Selfone** in was vir die eerste keer vanaf 1994 in SA beskikbaar
 - **internet** bankdienste,
 - **wi-fi**,

- iPad,
- en dankie ook vir al die koffiewinkels

Alles omdat mense connected wil wees... maar op 'n ander manier as waaraan baie van ons dalk gewoond was

Ek kan nog baie by die lysie voeg.

Ongelukkig kan elkeen van hierdie goed kan op sy eie, vir ons 'n afgod word.

En daarom laat dit ons vanaand met die vraag...

Hou tegnologie, en die ontwikkeling daarvan oor jare en eeue vir ons 'n geleentheid of verleentheid in?

Hoe moet ons as navolgers van Jesus hierdie tegnologiese golf ry?

Of moet ons maar eerder van die golf afklim, voor dit vir ons 'n vernietigende afgod word?

Die woord "verleentheid" is dalk baie sagkens gestel...

Ek moet dit dalk verder verduidelik of in konteks geplaas.

Die bedoeling is dat tegnologie en hoe dit deur mense gebruik word dikwels eerder afbrekend is.

Tegnologie word vandag baie gebruik om ander te na te kom of te benadeel, of om jouself ten koste van ander te bevoordeel.

En daarom wanneer ons vandag na mense luister, kry 'n mens soms die idee dat die begrip "tegnologie" beskou word as iets wat net in die hedendaagse en moderne era hoort,

so asof "tegnologie" die versamelnaam is vir

elektronika, skootrekenaars, selfone, rekenaar tablette, en so meer.

En eintlik is dit 'n persepsie waarmee ons sit...

veral wanneer ons net vanuit ons eie bestaan en tydvak waarin ons leef, daarna kyk.

Want lieve jongmense, vriende... eintlik is tegnologie (En dan die afgod van tegnologie) so oud soos die skepping self.

Na die sondeval het God Adam en Eva, die Paradys belet en hulle daaruit verban.

Na die sondeval het sonde radikaal toegeneem.

Ons lees van die wrede moord van Abel, wat die effek van die sondeval was.

Ons lees van oorloë, konflik en weerwraak wat deel word van die mens se lewe,

as gevolg van die sondeval, maar ook a.g.v. die ontwikkeling van Tegnologie. God se opdrag aan die mens was om die aarde te bewerk en dan begin die mens om sy ontluikende tegnologie in te span om gereedskap, wat vir landbou en boerdery bedoel was te verander in swaarde en gereedskap vir oorlog...

(Gaan lees maar wat staan daar in 1 Samuel 13:21 en Joël 3:10
“Maak van julle ploegskare swaarde en spiese van julle snoeiskêre.”
Interessant in Jesaja 2:4 word dit omgedraai... “Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre.”)

So het die ploegskaar ‘n swaard geword en het die opdrag aan die mens om die aarde te bewerk en te beheers verander in ‘n samelewing waar selfs broer teen broer te staan gekom het en waar die bedoeling meer en meer was om te oorheers/oorwin en vir eie gewin en bevoordeling te werk.

Een skrywer stel dit treffend soos volg:

“The means of production became the means of destruction, and human technology and scientific discovery were used not to honor God but to assault Him, by attacking His creation and His image-bearers”.

Dit alles was die gevolg van die eerste versoeking met die woorde

“... en dan sal julle soos God wees ...”

En toe Adam en Eva die tuin verlaat sê God (Genesis 3:22)

“Die mens het nou soos een van Ons geword... As hy nou maar net nie sy hand uitgesteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!”

Daarom was dit alreeds vir God in die OT so belangrik dat Israel, maar ook nie net Israel nie, in Esegïël 4:7 word die uitnodiging ook aan die vreemdeling gerig, na God moet terug draai.

“Bekeer julle! Laat staan julle afgode! Hou op met julle afskuwelike dade!”

Ek wil aansluit by dit wat ek gisteraand gesê het (GUMTREE FIETSE)...

hierdie is ‘n hart ding!

Esegïël bevestig dit hier en in **1 Samuel 7:3** word dit verder bevestig wanneer Samuel vir die volk sê:

“As julle met julle hele hart na die Here terugkom, moet julle alle vreemde gode tussen julle uit verwyder. Rig julle harte op die Here en dien Hom alleen...”

Vriende... Op ons eie kan ek en jy nie by die boom van die lewe uitkom nie...
God het die mens uitgedryf en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak,
het Hy gerubs oos van die tuin van Eden gesit en ook 'n vlamme swaard wat
heen en weer beweeg... (Hier leer ons al iets van sekuriteit!!!)

En tog het ons steeds die behoefte om van die boom van die lewe te eet
Die mense van vandag wil van Tegnologie gebruik maar om toegang tot die boom
van die lewe te kry...
Ons probeer alles in ons vermoë om ons lewe deur middel van tegnologie te verleng.

Dit... terwyl God... vanuit sy liefde vir jou en my,
deur sy geliefde seun Jesus Christus,
die enigste weg en die waarheid na die ware boom van die lewe kom moontlik maak
het...

Jesus se verlossing en ons geloof in Jesus as ons verlosser is die enigste sekuriteit
sleutel wat vir jou en my vrye toegang tot die boom van die ewige lewe kan gee...
En Hy wil dit vir jou en my gee...

Want HY wil ook met jou en my connected wees....

En hierdie connection is Gratis en verniet...

sonder dat ons enige iets daarvoor hoef te doen...

As jy nou wil praat van free WIFI, dis hemelse WIFI...

Maar wat doen ons?

ons staar ons self so blind,

ons word letterlik blind, agv al die skerms en doof van al die geraas om ons,
dat ons hierdie gratis geskenk,

Jesus se verlossing wat God die Vader deur sy connection
die Heilige Gees aan ons wil gee,

nie raaksien of dit nie hoor nie,

want ons is so besig met ons eie tegnologiese afgode,
dat ons nie die Free WiFi

om met die Heilige Gees te connect op tel nie!!!!

En hierdie aanbidding van die tegnologiese afgode het alreeds begin,
kort na Adam en Eva uit die tuin van Eden verban is...

Aanvanklik het die tegnologiese golf, soos ek dit noem stadig begin,
maar hy is besig om te ontwikkel in 'n Tsoenami...

'n Tsoenami wat jou en my en ons kinders en klein kinders kan verniet,
as ons nie gaan leer hoe om hierdie golf op 'n Christelike manier te ry nie....

'n Tegnologie wat tot stand gekom het daar waar die mense stede uit steen/klip
gebou het ten einde meer stabiele en geskikte skuilings op te rig.
Stede het so ontstaan.

En mense wou verder en verder, en hoër en hoër.

En so begin die mens in Genesis 11, om 'n toring te bou met die bedoeling dat dit tot
by die hemel strek, om so naam te maak

– die outonome mens wat so God wou onttroon,
en tegnologie word ingespan.

En tog, die mens word verwar en kommunikasie word meer en meer net 'n
onsamehangende gebrabbel.

Vandag is daar tot alreeds Google Translate om hierdie gebrabbel te probeer
uitskakel...

Maar die patroon duur vandag onveranderd voort of soos iemand dit reguit stel:
"This pattern has not changed. The greater the technology, the greater the chaos.
The more sophisticated the tools, the more sophisticated the violence".

Kyk waar bevind ons, onself in die twintigste eeu.

Vandag oortref die tegnologiese vordering alle vorige tydvakke, soveel so dat die
moderne geëmansipeerde/outonome mens reken dat hy nie meer God nodig het om
sin te maak aan sy bestaan nie.

Tegnologie en moderne tegnieke word vandag baie keer beskou, as 'n "instrument"
wat as die middel sal dien om armoede, siekte, misdaad en oorlog te verdring.

En tog het die twintigste eeu ook 'n ander erge tendens na vore gebring en dit is die
verskynsel van globale oorlog.

Kan tegnologie vir hierdie voorafgaande toedrag van sake blameer word?

'Nee'.

Want vriende, dit is nie die instrument wat die skuld moet kry nie,
maar die gebruiker van die instrument.

"The same scalpel that is used to save a life in surgery is now used to kill millions of
unborn babies. The same atomic energy that supplies power for living is harnessed
for weapons of incalculable destruction".

Dit wat die mens as tegnologie ontdek, is deel van God se skepping.
Die mens ontdek en ontwikkel net dit wat God alreeds in sy raadsplan bepaal het.

Kortom:

Agter alles is God wat ook die intellek ontwerp het.
God het immers alles vir ons volgens sy beskikking deur en in sy skepping verskaf.

Hoe kom die sein van 'n selfoon by ons elkeen uit?
Waar kom die golwe in die lug vandaan, en so kan baie vrae gevra word om ons te herinner aan God se heiligheid, God se almag en God se soewereiniteit.

Die vraag wat vandag as etiese vraag of oproep na elkeen van ons kom is.....,
hoe kan ons hierdie tegnologie in al sy vorme gebruik.

Gebruik ek en jy dit tot God se eer?

Wat skryf of tik ek oor ander dmv sosiale media?

Hoe behandel ek ander mense wat na God se beeld geskep is?

Word tegnologie 'n manier om my eie beuel te blaas?

Word tegnologie soos verteenwoordig in verskeie media, nie in der waarheid 'n afgod wat ons aandag aflei

of dit sodanig in besit neem dat ons nie meer weet hoe om sinvol en persoonlik te kommunikeer en verhoudinge te bou nie?

Tegnologie, liewe jongmens, vriende kan 'n verleentheid wees.

Maar die opdrag is juis dat dit 'n geleentheid moet wees om te bewerk en op te bou en God daardeur te verheerlik.

Ja, tegnologie speel 'n rol om groot skade te berokken aan ons moderne samelewing in die algemeen en dan veral aan jong mense in die besonder.

Navorsing (2013) wys vir ons dat 71% van tieners verkies 'n SMS bo 'n gesprek en 45% van tieners stuur ten minste 30 SMS-boodskappe per dag." (2013 – Voor whatsapp)

Meisies is meer geneig om te SMS.

Terwyl die gemiddelde volwassene bo 18 jaar 10 keer per dag 'n SMS stuur, stuur seuns tussen 14 en 17 jaar 30 keer per dag 'n SMS en meisies tussen 14 en 17 jaar 100 SMS-boodskappe per dag. (Wys jou nou maar net, vrouens praat meer as mans)

Die skokkende feite is dat die stuur van SMS-boodskappe soms verander in seksboodskappe of “sexting” in Engels. (Texting vs Sexting)

Beramings dui daarop dat 15% van tieners al 'n seksueel suggestiewe multimedia boodskap van iemand wat naak of byna naak is, ontvang het.

'n 2010 Super Bowl advertensie het die aktrise Megan Fox in 'n borrelbad gesit, waar sy 'n selfoon foto van haarself neem en daaraan dink om dit te stuur, terwyl twee mans hulle vergaap.

Geen wonder dat tieners nou dink dat “sexting” normaal en selfs “cool” is nie.

Afgesien van seksuele boodskappe, moet ons nie vergeet van die plaag van pornografie nie.

Die wêreldwye “Internet porn” bedryf word geskat om \$4.9 miljard per jaar wins te maak.

Sowat 12% van al die webwerwe is pornografies.

Dan is 25% van al die soekenjins pornografie-verwant.

Soveel as 40 miljoen Amerikaners is gereelde besoekers van porno-webwerwe, en hul eerste blootstelling was dikwels vroeg – 93% van seuns en 62% van meisies is blootgestel aan aanlyn pornografie gedurende puberteitsjare.

Dit liewe vriende is Skokkend!!!!

En tog is daar ook 'n ander gesig van tegnologie.

As gevolg van moderne tegnologie, kan jou kinders/klein kinders met hulle grootouers oor die telefoon/skype praat, hoewel hulle myle ver weg woon.

Deur middel van moderne tegnologie kan baie van ons, deur middel van 'n eenvoudige Google-soektog, na foto's van die mooiste plekke op aarde kyk.

Ons kan kyk na die prag van verre sterre stelsels en die binneste werkinge van die kleinste selletjies.

Ons kan deur die lug vlieg, vinniger as enige voël in die lug.

Op ontelbare maniere is ons wêreld beter gemaak deur “tegnologie”.

Dink aan Jesus Christus se opdrag aan Sy dissipels om te “waak” en wêreldgebeure dop te hou (Lukas 21:36).

Deur middel van die Internet, televisie, gedrukte media en radio, is ons in staat om die omvang van wêreldsake te verstaan, soos geen ander mense voor ons nie.

Profesieë wat in die bladsye van die Bybel opgeskryf is, word vir ons lewendig deur gebruik te maak van moderne tegnologie.

Daardie selfde tegnologie stel ons in staat om die Goeie Nuus wat in daardie bladsye opgeteken is, te verkondig.

Ons kan vandag gehoor gee aan Christus se opdrag op maniere waaraan die Apostels van die eerste eeu nie kon dink nie (Mattheüs 24:14).

Wat my bring by die vraag waarmee ek wil afsluit...

Aangesien tegnologie gebruik kan word vir beide goed en kwaad, wat moet ons doen?

Ons lees in die Skrif:

“... want die Here gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand” (Spreuke 2:6).

Hier is dus 'n paar Bybelgebaseerde beginsels om ons te help om tegnologie met wysheid te gebruik:

Stel reëls vas.

Dit is ouers se verantwoordelikheid om reëls te maak.

Ouers word beveel om hulle kinders te leer en op te voed (Deuteronomium 6:7), dit behels die stel van perke.

Reëls behoort die individuele gesin se waardes te weerspieël, wat God se waardes moet weerspieël.

Ons gesin se reëls vir tegnologie behoort die volgende in te sluit:

- Waar ons toegang tot die Internet toelaat,
- Wanneer ons toegang tot die rekenaar toelaat,
- asook Hoeveel tyd toelaatbaar is – op die rekenaar, die speletjies-konsole, of die foon (Whatsapp of gesels).

'n Gesinsreël kan byvoorbeeld wees dat ons nie “gebruik maak” van 'n gehoorstuk wanneer ons saam met ander gesinslede is nie.

Wanneer ons eet, word ons selfone nie aan tafel toegelaat nie.

Wanneer ons saam met vriende kuier word selfone in 'n krat gesit en ons kuier!!!

Nog 'n reël kan wees dat toegang tot die Internet slegs in die algemene gesins-areas toegelaat word.

'n Ander nuttige reël mag wees dat jou kind se wagwoorde (tot sosiale media-webwerwe, e-pos rekenings, rekenaar inskakelings, selfone, ens.) aan die ouers bekend is.

Kinders sal 'n vertrouensverhouding met hul ouers ontwikkel as hulle wysheid betoon in hul kommunikasie met ander mense, en ouers sal nie graag 'n verantwoordelike jong persoon se kommunikasie wil "mikro-bestuur" nie.

Want indien u kinders die "privaatheid" eis om sonder toesig 'n donker, onbekende stegie te bewandel, sal jy hulle dit net laat doen as hulle bewys het dat hulle hulself kan verdedig...

Ouers moet nie bang wees om gebalanseerde ouerlike verantwoordelikheid uit te oefen nie.

Weerstaan groepsdruk.

Ouers luister mooi...

Ons kan onder druk geplaas word om die verkeerde soort tegnologie te aanvaar, en vir die verkeerde redes.

Ons eie gebruikmaking van tegnologie kan deel wees van die probleem.

Het ons regtig grootskerm televisiestelle in die woonkamer en in die slaapkamer nodig?

Het ons kinders regtig private televisies in hul slaapkamers nodig?

Raak ons so behep met die jongste slimfoon of tablet, die jongste Sateliet-TV plan of "movie streaming service", dat ons minder aandag gee aan ons kinders as wat ons behoort te doen?

Ons kinders het ons "aangesig tot aangesig tyd" nodig, en hulle let op ons voorbeeld.

Dink aan Christus se vermaning:

"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (Mattheüs 5:16).

Oorweeg oorsaak en gevolg

"'n Verstandige mens sien onheil kom en vermy dit; onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor." (Spreuke 22:3).

Ons handeling het gevolg.

Wil ons video-speletjies hê om ure van ons kinders se tyd in beslag te neem?

Nee!

Is dit dan raadsaam om 'n speletjie-konsole vir ons kinders te koop?

Wil ons hê dat ons seuns aan pornografie verslaaf moet raak?

Natuurlik nie!

Moet ons hulle dan toerus met 'n rekenaar wat hulle in die privaatheid van hul kamers tot laat in die nag kan gebruik?

Gee ons om as ons dogters "sexting" boodskappe ontvang?

Beslis!

Dus moet ons in staat wees om die gebruik van "slimfone" te monitor wanneer dit nodig is.

Dit is nodig dat ouers moet onthou dat tegnologie nie 'n "reg" is waarop ons kinders kan aanspraak maak nie.

As ouers moet ons erken dat toesig oor ons kinders ons verantwoordelikheid is, as deel van ons ouerlike plig.

Sit beskerming op julle toestelle...

Beskerming op die Internet

Hier is van die beste internet filters wat gebruik kan word om ons en ons kinders teen onweloweglike materiaal op die internet te beskerm:

www.covenanteyes.com

www.netnanny.com

Beskerming op selfone

Covenant Eyes

OurPact

Die gelowige ouer en kind van God moet in vandag se 'alles is toelaatbaar' kultuur nog steeds Rom.13:14 gehoorsaam, ook en veral op die terrein van al die tegnologiese media (**Die Boodskap**):

"Staan dadelik op en trek die krag van die Here Jesus Christus as julle nuwe klere aan. Moet nooit enige plek vir sonde in julle lewens gee nie. Moet nooit swig voor versoekings nie."

Tegnologie vriende, het twee gesigte.

Die uitvindings van die mens kan vir goed of kwaad gebruik word.

Mag God aan ons die wysheid gee om die goeie te kies en die kwade te verwerp.

Amen

GEBED

LIED

SEËN